Hoërskool Goudini

Skoolhoof: A P Hanekom

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

13 Augustus 2020

Geagte Ouer / Voog

HEROPENING VAN INTERMEDIÊRE FASE

Ons as Intermediêre personeel is baie opgewonde oor die feit dat ons leerders kan terugkeer skool toe. Saam met die terugkeer kom ook ‘n groot verantwoordelikheid om hierdie nuwe normaal so goed as moontlik te bestuur. Ons wil u verseker dat ons alles menslik moontlik sal doen om te verseker dat ons leerders in ‘n veilige omgewing ontvang sal word.

Daar is egter ‘n hele paar praktiese reëlings wat gevolg moet word om te verseker dat hierdie prosedure so glad as moontlik verloop. Vergewis u met die onderstaande reëlings en indien u onseker is, kan u die vrymoedigheid neem om ons personeel te kontak.

Lokale:

- Graad 4 en Graad 5 leerders gaan in die skoolsaal klasonderrig ontvang (alternatiewe dae). Die skoolsaal sal daagliks gesaniteer word na afloop van die dag se verrigtinge.
- Graad 6 leerders gaan onderrig ontvang in Me Smith se klas (alternatiewe dae).
- Graad 7 leerders gaan onderrig ontvang in Mediasentrum (alternatiewe dae).
- Personeel gaan van lokaal wissel, dus gaan leerders te alle tye in hul eie spasie beweeg.

Prosedure voor en gedurende die skooldag:

- Leerders moet tussen 07:15 en 07:45 aantree om deur die skandeerproses te gaan.
- Leerders gebruik die ingang aan die agterkant van die skoolsaal.
- Let daarop dat daar afgemerkte staanplekke vir leerders gaan wees.
- Leerders moet te alle tye ‘n masker dra, hul hande word gesaniteer en die volgende 4 vrae sal aan elke leerder gevra word:
    - Hoes jy?
    - Is jy kort asem?
    - Is jou keel seer?
    - Was jy die laaste 14 dae in kontak met iemand wat positief getoets is?.

Let op die volgende reëlings:

- Leerders kom geklee in wintersdrag.
- Elke leerder gaan by hul eie tafel sit.
- Maak asseblief seker dat u kind hul eie skryfbehoeftes het. GEEN skryfbehoeftes mag uitgeleen word onder mekaar nie.
- Sanitering sal deurlopend plaasvind. Leerders is welkom om hul eie handsaniteerder saam te bring, maar die skool voorsien ook.
- Die leerplan is aangepas sodat ons alles wat gedurende die grendeltyd gedoen is weer kan hersien.

Skooltye is soos volg aangepas:

Maandae tot Vrydae: 07:45 - 13:50

Nuwe Kwartaaldatums 2020

Kwartaal 3 – 24 Augustus tot 23 Oktober 2020

Kwartaal 4 – 02 November tot 15 Desember 2020

Geallokeerde datums vir leerders	
Graad 4 en 6	Augustus: 17, 19, 21, 25, 27, 31 September: 2, 4, 8, 10, 14, 16, 18, 22, 24, 28, 30 Oktober: 2, 6, 8, 12, 14, 16, 20, 22
Graad 5 en 7	Augustus: 18, 20, 24, 26, 28 September: 1, 3, 7, 9, 11, 15, 17, 21, 23, 25, 29 Oktober: 1, 5, 7, 9, 13, 15, 19, 21, 23

Ek wil u as ouers verseker dat akademie vir ons baie belangrik is en dat leerders die nodige onderrig sal ontvang, sodat hulle toegerus sal wees om die volgende graad met selfvertroue in te gaan.

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof